



Verwysing: 20170711-2878

13/7/1/2

Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0012/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: November 2017 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens: Prosedures en riglyne vir die afneem van die finale praktiese eksamen in Ontwerp en Visuele Kunste

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) wil graag u aandag op die prosedures, wat tydens die afneem van die finale praktiese eksamen vir Ontwerp en Visuele Kunste geneem moet word, vestig.
2. Die 2017 finale praktiese eksamenvraestelle vir Ontwerp en Visuele Kunste (Ontwerp Vraestel 2 en Visuele Kunste Vraestel 2), sal uit die volgende twee afdelings bestaan:
 - Afdeling A: Bronboek of Werkboek; en
 - Afdeling B: Die Kunswerk of Produk
3. Skole en kunssentrums moet asseblief seker maak dat alle kandidate wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, die vraestel teen 28 Julie 2017 ontvang. Dit sal kandidate in staat stel om die inligting oor Afdeling A van die vraestel te vind. By ontvangs van die vraestel moet kandidate 'n register onderteken.
4. Gedurende kwartaal 3, moet kandidate voldoende navorsing doen en alle geskikte materiaal vir Afdeling A van die eksamenvraestel versamel. Afdeling A kan óf tydens onderrigtyd óf na-ure uitgevoer word
5. Afdeling A van die praktiese eksamen moet voor die aanvang van Afdeling B van die praktiese eksamen voltooi word.
6. Afdeling B moet teen 20 Oktober 2017 voltooi wees.

7. Afdeling B van die praktiese eksamen moet gedurende die normale onderrigtyd in die eksamenlokaal voltooi word, en nie na-ure of oor naweke nie. Dit word voorgestel dat bloksessies van vier tot ses uur oor 'n aantal dae gereël word tot waar alle kandidate hulle kunswerke of produkte voltooi het, of die toegekende 24 uur verstryk het. Interne reëlins moet by elke skool of sentrum getref word om die tegniese aktiwiteite wat deur die spesifieke kunsdissipline benodig word, te akkommodeer, byvoorbeeld keramiek.
8. Streng toesig **moet** deur die onderwyser vir Ontwerp en/of Visuele Kunste, **en** 'n toesighouer tydens die afneem van die eksamen uitgeoefen word.
9. Kandidate **mag nie** alleen gelaat word onderwyl hulle aan Afdeling B werk **nie**, en **word ook nie toegelaat** om onvoltooide kunswerke of praktiese projekte huis toe te neem **nie**. Alle onvoltooide kunswerke of praktiese projekte moet tot die volgende geskeduleerde sessie op die rooster by die skool gehou word.
10. Alle skole en sentrums wat Ontwerp en/of Visuele Kunste aanbied, word versoek om hulle roosters vir die afneem van Afdeling B voor 11 Augustus 2017 aan hulle Senior Onderwyskundige vir Ontwerp en Visuele Kunste te stuur by: Ellene.Louw@westerncape.gov.za. Die Senior Onderwyskundige van Ontwerp en Visuele Kunste moet die roosters saamstel.
11. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en DBO sal die afneem van hierdie praktiese eksamens monitor. Die skedule vir die monitering van hierdie praktiese eksamens, gebaseer op die roosters wat deur die skole en sentrums ingedien is, sal opgestel en aan die DBO gestuur word.
12. Die WKOD sal datums vir nasien en moderering skeduleer om seker te maak dat alle praktiese werk teen 17 November 2017 nagesien en gemodereer is.
13. Verdere navrae oor die afneem van die finale praktiese eksamens vir Ontwerp en Visuele Kunste kan aan me Ellené Louw gerig word by: Ellene.Louw@westerncape.gov.za.
14. U samewerking in hierdie verband sal baie waardeer word.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-07-24